UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUS nuus



SU's new green mobility plan

'n Dag in die **Rektor se kantoor**

## Sophie von der Heyden takes up the pen

HOPE Project celebrates successes

Nuwe dosente touwys gemaak

Paul Emsley se kuns te sien

Word gou 'n dapper stapper


JAAR 20#3 APRIL 2012 YEAR 20#3 APRIL 2012

## contents inhoud


My kampus: In die Rektor se kantoor ........ 3
ADA hosts first advanced Atlas.ti course in Africa ........ 4
US onderteken ooreenkoms met Anglikaanse Kerk ........ 5
Arts and Social Sciences launches new website ........ 6
MHB neem eerste stap na papierlose kampus ........ 7
Green movement: SU's new Mobility Plan ........ 8
HOPE Project celebrates successes ........ 10
SOL-kursus inspireer nuwe dosente ........ 11
Paul Emsley wys betowerende portrette ........ 12
Kampuslewe: Eet, lees en span uit ........ 13
Welwees: Stap ís wel goeie oefening ........ 14
In conversation with Sophie von der Heyden ........ 15
Brokkies in beeld ........ 16












*Redakteur:* Wayne Muller
*Voorbladfoto:* Anton Jordaan
*Bladontwerp:* SUN MeDIA
*Drukwerk:* SUN MeDIA
*Advertensies:* Conita Henry
tel: 021 808 4632, e-pos: chenry@sun.ac.za
*Redaksionele bydraes:* Die Redakteur,
Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
faks: 021 808 3800,
e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
of wmuller@sun.ac.za

UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY




## VAN DIE Redakteur

In Julie 2010 het prof Russel Botman, US rektor, die grootse HOOP Projek bekendgestel waarmee die Universiteit sy kennis en navorsing wil inspan om die uitdagings in ons gemeenskappe aan te spreek – nie net in Suid-Afrika en Afrika nie, maar ook in die res van die wêreld.

Vandeesmaand, byna twee jaar nadat die HOOP Projek van stapel gestuur is, vier die US die suksesse wat uit dié projek voortgevloei het. Ons almal onthou die internasionale aandag wat die Waterinstituut se teesakkie-waterfilter gekry het, maar daar is talle ander akademiese HOOP-inisiatiewe wat ook 'n groot impak gehad het op die wêreld waarin ons leef.

During HOPE Week – from 11 to 19 April – all these successes of the HOPE Project will be celebrated in a packed week-long programme on all SU campuses. In this issue of *Kampusnuus*, we give you some of the highlights of HOPE Week. Also make sure you get your copy of the *HOPE Times*, which will be distributed on all campuses, to read all about these successes. Make sure you get your copy.

Recently, staff and students were informed about the new Mobility Plan for the SU campus – which is all about going green – and a successful Sustainability Day was held on 15 March. On page 8 we tell you how the Mobility Plan impacts on you.

Ons skryf ook oor drie vroulike personeellede wat 'n impak maak. Dr Sophie von der Heyden, 'n marienebioloog, vertel van haar nuwe gids tot die oseaan vir kinders wat eersdaags uitgereik word. En ons lê besoek af by me Sandy September, die Rektor se persoonlike assistent, en prof Monique Zaahl, sy uitvoerende assistent, om te hoor hoe 'n dag in daardie kantoor verloop.

Geniet hierdie uitgawe van *Kampusnuus*, en skryf aan ons by *kampusnuus@sun.ac.za*, lewer kommentaar op die US Facebook-blad of volg ons op Twitter.

*Wayne*

## KAMPUS klets

Dit was baie makliker om groen te wees in 1978. Almal het gefiets. Slegs op spesiale versoek motorkar vanaf 2de jaar. Die treindiens was heeltemal voldoende en 'n "lift" see toe was altyd beskikbaar. *The more we change, the more we stay the same.* Wat van ekstra jaarlikse bedrag by studiegeld vir motors op kampus? Ploeg fondse terug in huurfietse soos in Nederland. Om opge-*dress* saam met jou *date* na 'n huisdans toe te stap was niks vreemds nie. – *Magriet Mijburgh Theron*

So excited, just picked up our VERY cool kit from Sustainability, and it is rocking! Nice buzz in the office, going to be a blast. All for a good cause. – *African SUN MeDIA*

Hoekom wil die US hê ons moet bewus raak om met fietse te ry, as dit soos soetkoek gesteel word!!! Dit maak mens beduiweld, ek het al twee fietse verloor en die USBD beteken niks nie! – *Gerduan Rossouw*

We're so excited with @StellenboschUni drive for sustainability and environmentally consciousness!
– *InnovUS*

Seriously impressed with @StellenboschUni. Seems like we're finally taking environmental issues seriously! #greenday
– *Kobus Ehlers*

"How wonderful it is that nobody needs to wait a single moment before starting to improve the world" – Anne Frank #gogreen – *Anina Botha*

Hope all the @matiesstudents are happy after their show on Monday (12 March), no more @blacklabelsa at @varsitycup. #NiceOne. – *Jacos_van*

*You are welcome to write to Kampusnuus. Send a short letter to kampusnuus@sun.ac.za, fax 021 808 3800 or deliver at Admin B. A pseudonym may be used, provided that you supply your name and email/physical address (not for publication). Kampusnuus reserves the right to shorten and edit letters. Comment on our SU Facebook page at www.facebook.com/stellenboschuniversity, or follow us on Twitter (stellenboschuni).*





# Vanuit die rektor se kantoor

*Om prof Russel Botman, US Rektor, se dagboek te koördineer en te sorg dat sy dag vlot verloop, is nie kinderspeletjies nie, veral die bestuur van strategies belangrike versoeke. Maar met prof Monique Zaahl, genetikus en nou die rektor se uitvoerende assistent, en sy persoonlike assistent, me Sandy September, is die rektor se kantoor in stewige hande. Kampusnuus het gaan uitvind wat dit behels om die rektor se regterhand te wees. Deur SONIKA LAMPRECHT*



### MONIQUE ZAAHL

My werk by die Rektor se kantoor... is baie anders as waaraan ek gewoond is. Die beste sover is die ondersteuning van prof Botman en ander bestuurslede en personeel op die vloer. Hulle help graag; dis 'n lekker klomp mense om mee saam te werk. Ek is wel baie bly vir die ondervinding wat ek in die Departement Genetika opgedoen het. As persoon is ek doelgerig en werk dus na die toekoms en ek kyk nie graag terug nie, maar as ek iets moet uitsonder wat ek mis, is dit die interaksie met die studente. Wie weet, dalk is daar weer geleentheid in die toekoms om saam met studente te werk in my huidige posisie.



Elke dag sover... is 'n nuwe dag met nuwe uitdagings. My posisie behels verskeie aspekte, van besluitneming tot ondersteuning bied. Ek het vinnig besef ek moet aanpasbaar wees en die onverwagse verwag. Sedert ek in Januarie hier begin het, het ek meestal sisteme in plek gesit vir die effektiewe funksionering van die rektor se kantoor. Onder meer help ek prof Botman met voorbereiding vir vergaderings, sit dokumente bymekaar, en identifiseer rolspeler en geleenthede van strategiese belang.

In my nuwe pos... gebruik ek nie veel van my Genetika-kennis nie, maar wel van my MBA-kennis en die bestuurservaring wat ek in die Departement Genetika opgedoen het. Ek is al sedert 2003 'n US-werknemer, en voor my aanstelling in die rektor se kantoor was ek vir 'n kort tyd voorsitter van die Departement Genetika. Ek het baie mense leer ken die afgelope jare en sien uit om met almal te werk in my nuwe rol.



### SANDY SEPTEMBER

**My werksdag begin vroeg...** want ek bly in Bellville en ry vroeg reeds om die verkeer te vermy. Die grootste deel van my dag bestaan daaruit om die rektor se dagboek te koördineer. Dit is soms nogal moeilik, want so baie mense wil elkeen 'n groot deel van sy tyd hê.
**Toe ek pas hier gekom het...** het ek die rektor se kantoor oorgedoen. Die mense by fasiliteitsbestuur het dadelik ingekoop op die idee en ons het die mure geverf, die vloer afgeskuur en vernis, en die stoele is nuut oorgetrek – ek het dit baie geniet. Ek probeer om deur klein dingetjies die werksomgewing vir hom aangenaam te maak – ek sit elke tweede week vars blomme in die kantoor.
**Om vir die Rektor te werk...** is wonderlik omdat hy 'n mense-mens is. Hy het 'n fantastiese geheue en is baie tegemoetkomend, wat my veral aan die begin toe ek nog vreemd was, gehelp het. Dit is lekker om by die Universiteit te werk, want dit is 'n besige studente-wêreld en elke dag bied sy eie uitdagings.

*Foto's: HENNIE RUDMAN en ANTON JORDAAN*

## PRASA Chair in Maintenance Management on track

The academic Chair in Maintenance Management in the Department of Industrial Engineering at SU is on track and running smoothly, says Prof Neels Fourie, the incumbent of the Chair sponsored by the Passenger Rail Association of South Africa (PRASA) since 2011.

"The primary goal of the Chair is to initiate and execute research into aspects of maintenance management and applicable engineering management principles best suited to the needs of PRASA/Metrorail. A formal postgraduate programme has also been established," he says.

The establishment of this Chair was the result of discussions between PRASA and SU in 2009 regarding recurring problems experienced by PRASA. In 2011, Fourie visited the main Metrorail depots across South Africa with a view to improving existing maintenance strategies and the operation of these strategies. It was then decided to initiate an on-the-floor approach to training of frontline workers, enabling them to interpret the company's values in their own workplace.

Follow-up modules will be introduced once work teams are operational. Middle management training will be introduced later, which will include a range of short courses registered by the Engineering Council of South Africa (ECSA).

In addition to these training initiatives, a number of projects have been successfully completed and will be expanded into one-day workshops that will be presented at Metrorail depots country-wide.

Dr Daniel Mtimkulu, Executive Manager: Engineering at PRASA Rail, says: "The activities of the Chair during 2011 were well received and we are looking forward to continue this in 2012."



*From left to right are Prof Neels Fourie (PRASA Chair), Mr Lucky Montana (Group CEO, PRASA) and Dr Daniel Mtimkulu (Executive Manager: Engineering, PRASA).*

## Transdisciplinary Summer School a success

The TsamaHub, an initiative of the HOPE Project, hosted a successful Transdisciplinary (TD) Summer School at the Sustainability Institute, Lynedoch, from 13 to 17 February.

It was attended by 40 participants, including senior academics and postgraduate students from Ethiopia, Ghana, Kenya, Nigeria, South Africa and Tanzania. Some of the lectures were presented by professors from the Vrije Universiteit Amsterdam (VUA) and ETH Zurich.



*Some of the participants in the Transdisciplinary Summer School, from the left, are Dr Amanuel Abraha, Dr Maggie Opondo, Prof Mark Swilling, Dr Barbara Regeer and Prof Joske Bunders.*

The course was opened by Prof Stan du Plessis, Vice-Dean: Research in the Faculty of Economic and Management Sciences. He said transdisciplinary scholarship is characterised by flexibility, a cooperative search for knowledge and findings that are both scientifically rigorous and accepted by society.

Prof Joske Bunders, Director of the Athena Institute for innovation and communication in Health and Life Sciences at VUA, said she welcomed the opportunity to collaborate with the TsamaHub. "Transdisciplinarity enriches sciences and makes it more balanced – and it is fully accepted in the scientific community. Our papers get published, our students get jobs and our PhDs are highly rated."

The School of Public Leadership's Prof Mark Swilling, who is also Project Leader of the TsamaHub, gave a talk on "Africa's Development Challenges in a Resource Constrained World". He pointed out that against the backdrop of a "new scramble for Africa", if the continent wants to eradicate poverty it must find ways of increasing its economic output with fewer resources. – DESMOND THOMPSON

## NNS gebruik nou nuwe aanlynstelsel

Die Nasionale Navorsingstigting (NNS, oftewel NRF) het pas 'n nuwe aanlynstelsel in gebruik geneem.

Alle navorsers moet hul persoonlike en CV-data op die nuwe stelsel so spoedig moontlik kontroleer. Weens die groot verandering in hierdie stelsel, vergeleke met die ou NRFonline-stelsel, moes die NNS die data per hand oorplaas na die nuwe stelsel. Dit is dus moontlik dat foute kon insluip, en daarom baie belangrik dat navorsers self die inligting kontroleer.

Navorsers word versoek om teen 15 Mei foute reg te stel. Die stelsel laat jou steeds toe om deurlopend CV data op te dateer, soos wanneer vir nuwe befondsing aansoek gedoen word.

Om toegang tot die stelsel te kry gaan na *https://nrfsubmission.nrf.ac.za*. Indien jy probleme ondervind, kontak Maryke Hunter-Husselmann by *mh3@sun.ac.za* of 021 808 4623.



# US en Anglikane onderteken ooreenkoms

" 'n Geskiedkundige oomblik," is hoe prof Russel Botman, US Rektor, die ondertekening van 'n ooreenkoms tussen die US en die Anglikaanse Bisdom van Valsbaai beskryf het.

Dit is die eerste keer dat die Universiteit 'n vennoot van buite die gereformeerde tradisie bykry, en, sê Botman, "simboliseer die konkrete stappe om mekaar te vind en ons studente in dieselfde konteks te laat leer".

Die ooreenkoms is op 2 Maart deur Biskop Merwyn Castle van die Anglikaanse Bisdom van Valsbaai en Botman onderteken om bande tussen dié twee instansies formeel te versterk.

Ingevolge die ooreenkoms word die Anglikaanse Bisdom van Valsbaai 'n kerklike vennoot van die US om predikante van die Anglikaanse Kerk van Suider-Afrika by die Fakulteit Teologie in kerklike bediening op te lei.

Die Bisdom sal ook, in ooreenstemming met die vereistes van die Universiteit, voltydse of deeltydse dosente kan aanstel om Anglikaanse Studies vir sy studente aan te bied.

Biskop Castle het gesê met die ooreenkoms verskaf die Universiteit 'n formele ruimte waarin skoolverlaters vir die geordende bediening in die Bisdom en elders in die Anglikaanse Kerklike Provinsie voorberei kan word.

"Dit is van groot simboliese waarde dat een van die groot Engelssprekende kerke in die Wes-Kaap deur sy belegging in en verbintenis met die US 'n breër ekumeniese visie vir die fakulteit help verwesenlik."

Prof Nico Koopman, Dekaan van die Fakulteit Teologie, het gesê die ondertekening van die ooreenkoms is 'n grootse gebeurtenis aangesien dit uitdrukking gee aan die strewe van die Universiteit en die fakulteit om 'n tuiste te wees vir 'n diversiteit van kerklike denominasies.



*Biskop Merwyn Castle en prof Russel Botman onderteken die ooreenkoms.*
*Foto: JUSTIN ALBERTS*

## CPS hosts "Day in the Life of a Matie"

Nearly 170 prospective students were welcomed on the Stellenbosch-campus on Thursday, 22 March. These students attended the "Day in the Life of a Matie" campus visit, hosted by the Centre for Prospective Students (CPS).

This visit was a follow-up of the Careers@Maties initiative, a free career assessment project. The participating grade 12 learners were identified by their schools in grade 11.

Mr Hambly Matthews, counseling psychologist at the CPS and Careers@Maties project coordinator, says: "Recognising the significant number of prospective first-generation students with limited or no opportunities for scholastic or higher education training and limited positive career role models, the University launched Careers@Maties in 2011. This project strives to assist learners to reach their career ideals."

The CPS organised an exciting programme for the prospective students, with a focus on the different available study options. The morning programme consisted of a welcome session, targeted information sessions in the Faculty of each matriculant's choice and interaction with Faculty representatives. After an informative morning and exploring the campus, the learners enjoyed a picnic behind Metanoia and visited the Neelsie Student Centre.

Ms Beverley Fanella, senior advisor at the CPS, says: "This is the sixth year that we have been hosting this visit. It is particularly successful, because it exposes prospective students to University life, while exploring their career opportunities."

## African first: Advanced Atlas.ti training at US

The African Doctoral Academy (ADA) will host the first advanced Atlas.ti training course in Africa from 25 to 29 June 2012. The course presenter is Dr Susanne Friese of Qualitative Research and Consulting (QUARC) in Wedemark.

Friese specialises in qualitative data analysis, focusing on computer-aided data analysis software and is the author of the textbook *Qualitative Data Analysis with Atlas.ti*. Ms Lauren Wildschut, ADA's Atlas.ti trainer, initiated Friese's visit in an effort to establish the Atlas.ti Institute for Africa. This institute's aim will be to establish a network of Atlas.ti trainers in Africa.

Atlas.ti is a powerful qualitative data analysis software package. It enables users to process vast amounts of data, to code original data sources, to keep track of interrelations and to visualise their importance. This course forms part of the ADA's biannual schools in social sciences research methods.

"The ADA is pivotal in building research capacity in Africa and this initiative is an embodiment of our vision to enhance the visibility of doctoral study and research at the University," Prof Johann Mouton, director of the ADA, remarked.

"During the Summer School in January we trained 73 delegates from 16 countries. We foresee rapid growth in the number of attendees and are gearing ourselves towards meeting the great demand we are experiencing."

• The ADA Winter School takes place from 25 June to 6 July 2012. For more information on courses and online registration, please visit www.sun.ac.za/ada.

# Arts and Social Sciences launches new website


The Faculty of Arts and Social Sciences recently went live with its new-look website at www.sun.ac.za/arts.

The website has been given a new look-and-feel, and was completely restructured to make navigation easier and information more accessible to the general public, prospective and current students, as well as staff members.

The design and layout was conceptualised by Ms Rachael Spiers from eSight along with the Faculty's marketing officer, Ms Lynne Moses. Various staff members also gave input regarding how the website could be improved and assisted with the gathering of information needed to populate the platform.

"After four years, the old website was outdated and we found that users had difficulty finding the information they needed. A website is supposed to function as a window into the inner workings of an environment and our window was not giving a clear picture of the exciting things happening in the Faculty. It was therefore due time to redesign and restructure how we were packaging and sharing information with our web visitors," says Moses.

According to the Dean of the Faculty, Prof Hennie Kotzé, "increased online activity, including Internet access via mobile phones, has resulted in a high demand for websites that are not only engaging and interactive, but also user-friendly and easy to navigate".




# Wes-Kaapse regering vereer Le Cordeur

Dr Michael le Cordeur van die US se Fakulteit Opvoedkunde is deur die Wes-Kaapse regering aangewys as die wenner in die afdeling Taal en Kommunikasie vir sy bydrae tot veeltaligheid en die bevordering van Afrikaans en isiXhosa as amptelike tale in die Wes-Kaap. Dr Ivan Meyer, Wes-Kaapse minister van kuns en kultuur, het die toekenning in Februarie aan Le Cordeur oorhandig.

In sy toespraak het Meyer na Le Cordeur se rol in die Wes-Kaapse Taalkomitee verwys wat oor 'n periode van nege jaar gestrek het. Aanvanklik was Le Cordeur lid van die Taalkomitee wat die Taalbeleid vir die provinsie opgestel het saam met baanbrekers soos dr Neville Alexander, dr Christa van Louw, prof Stan Ridge en prof Sandile Gxilishe, asook wyle prof Johan Combrinck. Daarna was Le Cordeur vir twee agtereenvolgende termyne die voorsitter van die Wes-Kaapse Taalkomitee. Ingevolge die grondwet mag hy hom nie weer beskikbaar stel vir 'n volgende termyn nie.

Voordat Le Cordeur se termyn op 29 Februarie ten einde geloop het, het hy 'n kollokwium op 20 Februarie in die parlement aangebied waar oor die nuwe Taalwet van Suid-Afrika besin is.

Le Cordeur is onlangs verkies tot die voorsitter van die Afrikaanse Taalraad, 'n sambreelorganisasie wat meer as 40 Afrikaanse organisasies verteenwoordig, en het beloof om hom te beywer vir die bevordering en beskerming van Afrikaans, asook die bemagtiging van al die sprekers daarvan.

Hy is ook die ondervoorsitter van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl, voorsitter van die Trusteeraad van die Breytenbach Sentrum op Wellington, en ondervoorsitter van die Media24 Rachel's Angels Bemagtigingstrust.



*Dr Michael le Cordeur (links) van die US ontvang sy toekenning van dr Ivan Meyer, Wes-Kaapse minister van kuns en kultuur.*



# Matie Fiets in Argus

Sewe Stellenbossers – én Pokkel, die Matie-gelukbringer – het vanjaar se Cape Argus Pick n Pay Fietstoer op die nuwe Matie Fiets voltooi.

Die Matie Fiets is in Maart op kampus bekendgestel as deel van die US se nuwe Mobiliteitsplan. (Lees volledige artikel hieroor op bladsy 8.)

Jan-Hendrik Verdoes (22), 'n Meganiese Ingenieurswese-student aan die US, was die eerste ryer in die groep wat klaargemaak het in 'n tyd van 4:42:14. Stephan Nieuwoudt (18), 'n BRek-student in sy eerste jaar, het gevolg met 'n tyd van 5:03:57.

Vier ryers het hierna saam in 'n tyd van 5:49:30 klaargemaak: Hans Heuer (48), 'n US-alumnus verbonde aan Musikhaus W Heuer; Carinus Lemmer (47), direkteur van die Nasionale Fietsry Akademie; Andrew Smith (28), afrigter van die Matie Fietsryspan; en Anja van Zyl (20), 'n derdejaarstudent in Voedselwetenskappe.

Pokkel het saam met dié groep ingekom. Hy het al die pad verbete aan Van Zyl se drarak vasgeklou.

Die agterhoede is deur Desmond Thompson, senior skrywer en navorser in die US se afdeling Institusionele Bevordering en organiseerder van die Matie Fiets-Argus inisiatief, gedek. Sy tyd was 5:58:58.

"Sjoe, ek het dit nie verwag nie, maar hierdie fiets kán ry, hoor. Selfs teen die opdraandes! As jy net uit die saal uit opstaan en trap, bly die ouens op gewone fietse agter," het Nieuwoudt gesê.



*Die Matie Fiets-span het bestaan uit Hans Heuer, Carinus Lemmer, Andrew Smith, Anja van Zyl, Stephan Nieuwoudt en (voor) Desmond Thompson, met Pokkel op die saal.*

## MHB neem stap na papierlose kampus

Die US se Afdeling Menslike Hulpbronne (MHB) is een van die eerste afdelings van die Universiteit wat begin het om hul papierrekords elektronies te skandeer. Dié loodsprojek by MHB het reeds enorme voordele van produktiwiteitsverbetering en besparing van papier en ruimte tot effek.

Die projek is 'n voortsetting van die drukkerbestuurstelsel wat in 2011 in gebruik geneem is en reeds 'n enorme papierbesparing tot gevolg gehad het.

Saam met die skandering van papierrekords en die nuwe drukkerbestuurstelsel word daar ook na talle tegnologiese inisiatiewe gekyk om papierloos aan die US te word. Een van dié inisiatiewe is om studente beter toe te rus met skootrekenaars om klasnotas elektronies te kan bestuur. Die Fakulteit Natuurwetenskappe is aan die voortou om klasnotas en handboeke in elektroniese formaat beskikbaar te stel.

Volgens mnr Helmi Dreijer, Senior Direkteur: Inligtingstegnologie, word daar binne die konteks van volhoubaarheid en "groenwees" in verskeie forums gedink oor hoe die US minder afhanklik van papierrekords kan wees, dokumente liefs elektronies te kommunikeer en dan binne 'n elektroniese dokumentbestuurstelsel te liasseer vir argivering. "Om minder afhanklik van papier te wees is wêreldwyd die regte ding om te doen en in pas met verskeie aksies om meer omgewingsvriendelik te wees."


Volgens Dreijer word, saam met die visie van 'n papierlose kampus en die lesse wat uit die brand in die Wilcocks-gebou geleer is, aksies geneem om die groter risiko's van brandgevaar uit te skakel.

'n Opname word tans op die kampus gemaak van papierrekords wat waardevol is en waarvan die inhoud noodsaaklik is om te bewaar. Informasietegnologie en die Afdeling Fisiese Infrastruktuur ontwikkel metodes om dié risiko's te bestuur.



*Mnr Japie Kotze van MHB en prof Leopoldt van Huyssteen, Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies, by die skandeerder.*
*Foto: JUSTIN ALBERTS*

## Kollegas bring hulde aan JC Kannemeyer



Die vermaarde biograaf en literator prof John C Kannemeyer (foto bo) is begin Maart deur die US se Departement Afrikaans en Nederlands gehuldig vir sy groot bydrae tot die letterkunde. Kannemeyer was buitengewone professor in dié departement.

Kollegas het Kannemeyer, wat op Kersdag verlede jaar oorlede is, beskryf as 'n "literator van formaat" en 'n "gesaghebbende figuur".

Hy is in 1939 op Robertson gebore en het sy studies aan die US voltooi. Uit sy pen het talle publikasies gekom oor die lewens van die grootste figure in die Afrikaanse letterkunde, waaronder DJ Opperman en C Louis Leipoldt. Kort voor sy afsterwe het hy die laaste deel van sy biografie oor JM Coetzee voltooi. Benewens talle pryse, waaronder van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, het Kannemeyer 'n eredoktorsgraad van die US ontvang.

# Green **movement**

*With its new Mobility Plan, Stellenbosch University is set on taking the lead ensuring a sustainable and environmentally friendly campus.*



82%

of SU staff members use their own transport to commute to the office.

*A relay cycling race was held on 15 March as part of Sustainability Day on the SU campus.* Photo: DANIE NEL

"To go green is the call of our time," says Prof Russel Botman, SU Rector. Our generation has not only realised the effects all our actions have on the environment, but know that changing our way of living will ensure the survival of our planet and future generations.

At Stellenbosch University, sustainability has become a buzzword over the past few years, with several projects – like the print management system – in place to decrease our carbon footprint.

Rezoning the Stellenbosch Campus into a residential erf, new thoughts on parking due to an increase in motor vehicles on campus, more accommodation for students, a campus-wide bicycle project and a shuttle service all form part of the Campus Master Plan.

The University faces a number of challenges, one of which is the institution's unprecedented growth. This led to a shortage of parking on the Stellenbosch campus. For this reason the new Mobility Plan and Matie Bike Project was launched in March.

"If everyone should get a parking space, there will still be a shortage of 7 200. But the more vehicles we have on campus, the bigger our carbon footprint is. What we did as a university is to commit to promoting a sustainable environment. This means we made a choice for renewal, for the sake of sustainability. Consequently, the Campus Master Plan was created, which include facilities and mobility, because these two are closely related," says Botman.

By creating facilities that are environmentally friendly and solving problems around mobility, the University facilitates sustainability.

"This is a big leap but let us do our part for our town, our country, our planet. To go green is the call of our time. We all can do something to help save our planet. Maties have always set the pace. Let us now be an example. It all starts with a shift in our mindset – it's time to think differently and do differently."



## Facilities

A new entrance to the Stellenbosch campus will be built in Crozier Street, with a main artery stretching up to Jan Marais Park, where an interactive relaxation space is on the cards. New student accommodation is also planned.

The purpose of the Master Plan is to rezone the Stellenbosch campus into a residential area, which means it will be safer for pedestrians, that no heavy-duty vehicles will be allowed, a speed limit of 35km/h will apply, and cycling will be ideal.

For 2012, the new parking fee is R528 per year. This amount will be recovered on a monthly basis – R44 per month. This year, everyone who registered for parking will pay the same basic rate, but in 2013 there will be differentiated tariffs with the cheapest parking on the outskirts of campus at Coetzenburg and Lentelus.



*Prof Russel Botman, SU Rector, in one of the electrical vehicles that was on show on Sustainability Day on 15 March.* Photo: DANIEL NEL

## Mobility Plan

The overarching aim of the new Mobility Plan is to reduce the amount of motor vehicle traffic on campus and in the rest of Stellenbosch.

### Matie Bike Project

On 15 March, SU launched the Matie Bike Project to coincide with the University's Sustainability Day celebrations.

A total of 400 commuter bikes have been imported from the Netherlands for this purpose. Staff and students can rent a bicycle for R1 000 per year, R600 of which will be refunded if the bike is returned in a good working condition.

SU is also planning safe cycling routes on campus, with Victoria Street first in line. The campus routes will link up with similar routes that the municipality is planning for the rest of the town.

Staff and students can register their own bikes with the SU Risk and Protection Services (USBD), and also use the dedicated bicycle shed. This applies not only to the Matie bikes, but to all bicycles.

A shed is already available next to the Neelsie, and more sheds are being planned. Users can lock the bicycles that they leave inside the sheds.



*Music student Charl Clayton takes a Matie Bike for a spin.* Photo: JUSTIN ALBERTS

### Shuttle Service

The Mobility Plan also includes an extensive shuttle service on campus. Motorists who drive to campus will be encouraged to park at Lentelus and Coetzenburg where they can board a shuttle to campus. A pilot project is currently operational on two routes – from Coetzenburg to the Conservatorium and from Lentelus to Joubert Street.

Furthermore, a website will be launched shortly to bring people in contact with each other who stay in the same area.

As far as public transportation is concerned, SU is in discussion with the Stellenbosch municipality and taxi associations about a joint strategy.



*The Matie Bus serves as the shuttle service from the parking areas at Coetzenburg and Lentelus.* Photo: JUSTIN ALBERTS

## Information and comments

- *Visit www.sun.ac.za/sustainablity for more information.*
- *Send enquiries and comments to groen_green@sun.ac.za.*

# Celebrating HOPE

*Since its launch in 2010, the HOPE Project has seen many successes, with Stellenbosch University using its knowledge and research to benefit society. This month, we celebrate these successes with the HOPE Week.*

Stellenbosch University's HOPE Project has become the driving force behind the institutions main focusses of teaching and learning, research, and community interaction. In this way the University uses its knowledge and research to create sustainable solutions for some of South Africa's and Africa's most pressing challenges.

From 11 to 19 April, the successes of the HOPE Project will be celebrated with the HOPE Week, filled with exciting events to showcase these successes. But it will not end there; several celebratory events are also planned for the rest of the year.

Launched in 2010, the HOPE Project has led to the establishment of several academic initiatives which drive the objectives and vision of the HOPE Project. At the launch, Prof Russel Botman, SU Rector, said: "We think that the University should be a place of relevance. By using science in the service of society, we can help make the world a better place. Future generations deserve nothing less."

Since then, the HOPE Project has indeed made it possible for SU to use its research to the benefit of society. The HOPE Project started with 22 academic initiatives which contributed to one or more of the five themes of the project – eradicating endemic poverty and related conditions; promoting human dignity and health; promoting democracy and human rights; promoting peace and security; and promoting a sustainable environment and a competitive industry. Today, there are more than 30 initiatives using science to the benefit of society.

For more information, visit *http://thehopeproject.co.za.*



*Dr Michéle de Kwaadsteniet with the teabag filter system developed by the SU Water Institute, a HOPE Project initiative, which sparked international interest.*



*The SU Food Security Initiative of the HOPE Project has been doing research on key issues in the food chain to improve long-term food security in South Africa and Africa.*

## Highlights of the HOPE Week

**Tuesday, 10 April:** Mr Roelof Botha of Sequioa Capital in Silicon Valley, who helped bring PayPal to the market, presents a lecture entitled "A view from Silicon Valley" at Stias at 18:00. Phone 021 808 4977 for details.
**Wednesday, 11 April:** From 12:45 to 14:00 celebratory events with music, fire and hotdogs will be held on all four SU campuses. Venues: Stellenbosch – Conserve Amphitheatre; Tygerberg Campus – Tygerberg Student Centre; Military Academy – Academy Club; USB – room 210.
**11 and 12 April:** The JS Gericke Library will open its Learning and Research Commons (both HOPE initiatives) to the public.
**Thursday, 12 April:** "Hope in Action" – Students will go out to work on HOPE community projects. Several events in the JS Gericke Library (visit the website for details).
**Thursday, 12 April:** The JS Gericke Library hosts a concert of rap, poetry and jazz at 13:00 in the Bib Gaatjie.
**From 12 to 19 April:** Lectures, discussions, films and exhibitions at the Faculty of Theology. Visit the faculty website for more information.
**Friday, 13 April:** Lecture presented by the Faculty of AgriScience, entitled "Food for today – Hope for tomorrow" in the M de Vries Building, room 1040, from 12:45 to 14:00.
**Saturday,14 April:** HOPE Summit at 09:00 in SR Council Room.
**For the full programme, visit http://thehopeproject.co.za.**

## WIN with the HOPE Project

*As part of the HOPE Week celebrations, two competitions will run in April where winners can each win R1 000 in cash. Write an essay or poem/rhyme/limerick in which you portray the vision and meaning of the HOPE Projecty. If striking photographs and gripping videos are more your thing, send in your contribution which will inspire the campus community to get involved with the HOPE Project. Full details on how to enter, closing dates and the prizes are available at www.sun.ac.za/hopecompetition.*

**Read all about it!**

*The second edition of HOPE Times will be distributed during HOPE Week. The publication will feature articles on the successes of the HOPE academic initiatives, showcasing their research and how it benefits society.*



# Inspirasie vir dosente

*Die US Sentrum vir Onderrig en Leer se Professionele Onderrigontwikkelingsprogram vir Akademici (PRONTAK) sorg al 14 jaar lank dat US-dosente selfs beter leermeesters word. Vanjaar se groep is geen uitsondering nie.*

"Briljant!" is hoe van die deelnemers aan vanjaar se 14de Professionele Onderrigontwikkelingsprogram vir Akademici (PRONTAK) dié leerskool opsom – 'n kortkursus aangebied deur die US se Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) wat nuwe dosente aan die Universiteit toerus om voortreflike akademici te word.

Vanjaar het 'n groep van 69 nuutaangestelde US-akademici PRONTAK 2012 deurloop vanaf 29 Januarie tot 2 Februarie by die Goudini Konferensiesentrum naby Rawsonville. (Foto onder.) Gemeet aan dié groep se reaksie was dit 'n leerervaring soos min.

Die deelnemers het 44 US departemente verteenwoordig, sommige met geen onderrigervaring nie (waaronder 16 nuwelingdosente), terwyl ander al tot 15 jaar lank klasgee. Juis hierdie diversiteit het die PRONTAK-program in ag geneem deur 'n wye verskeidenheid onderwerpe te dek, waaronder die US-konteks, die beplanning van 'n module (uitkomste en assessering), en die bevordering van studenteleer. Deelnemers het 'n mikro-onderrigsessie, waartydens 'n mini-lesing van elke deelnemer verfilm en daarna deur hul kollegas en 'n PRONTAK-fasiliteerder in klein groepies bespreek is, as 'n besonder waardevolle leerervaring beskou.

Die PRONTAK-kortkursus bestaan uit drie modules waarvan die deelnemers Module 1 in Januarie voltooi het. Die ander twee modules strek oor die res van die jaar en bestaan uit klasbesoeke op uitnodiging, deelname aan werkwinkels, kortkursusse, seminare en gefokusde belangegroepe, asook 'n mini-konferensie vir PRONTAK-deelnemers in Oktober. Deelnemers kan ook 'n portefeulje van hul werk saamstel met die hulp van 'n PRONTAK-fasiliteerder.

Soos die afgelope twee jaar is die program oorwegend in parallelle Afrikaanse en Engelse sessies aangebied. In 'n nuwe toevoeging tot die program, "Ontwerp vir leer", het dosente egter oor die taalgrense heen daagliks in groepies saamgewerk om 'n spektrum van leergeleenthede vir studente te skep wat hulle as 'n hulpbron in hul onderrig sou kon gebruik.

Prof Magda Fourie-Malherbe, voormalige Viserektor: Onderrig, het PRONTAK 2012 geopen. Sy het gesprekke met deelnemers gevoer oor onderrig aan die US binne die internasionale en nasionale konteks van hoër onderwys. Die geleentheid is ook bygewoon deur senior fakulteitsverteenwoordigers, wat die geleentheid benut het om nuwe personeel in hul fakulteite beter te leer ken, informeel fakulteitsverwante sake te bespreek en vrae van die dosente te beantwoord.

- *Nominasies vir PRONTAK 2013 – wat nie in Januarie nie, maar later in die jaar sal plaasvind – sal aangevra word teen einde vanjaar. Vir meer inligting oor PRONTAK, kontak dr Karin Cattell van SOL by 021 808 3074 of kcattell@sun.ac.za.*

## Só sê deelnemers

Die deelnemers se terugvoer het getoon dat PRONTAK vir hulle 'n waardevolle ervaring was:

*"Die aktiewe leer het my 'gedwing' om te leer! Die diverse metodes het verveling voorkom en my nuwe idees gegee, en my ook in die posisie van die student geplaas."*


*"We are not only enjoying but we are empowered with the necessary skills as lecturers. We will confidently implement what we have gathered here."*

*"Ek het baie geleer deur self te doen en met ander te bespreek."*

*"Briljant! Hoogs aanbevole vir dié wat dit nog nie bygewoon het nie!"*



# Betowerende portrette


'n Selfportret van Paul Emsley

Die betowerende portrette – van beroemdes tot blomme – van die vermaarde skilder Paul Emsley word tans in die US se Sasol Kunsmuseum uitgestal.

Emsley was vanjaar die US Woordfees se feeskunstenaar, en sy uitstalling in die Kunsmuseum duur nog tot 21 April. Die feeskurator, Amanda Botha, het 'n oorsigtentoonstelling van dié kunstenaar wat tans in Londen woon se werk saamgestel.

Emsley is in 1947 in Glasgow gebore, maar het in Suid-Afrika grootgeword. Hy is internasionaal bekend om sy buitengewoon gedetailleerde swart-wit tekeninge van mense, diere, blomme en landskappe. Dalk is hy die bekendste vir sy groot en noulettende portrette van wêreldberoemde figure soos die Nobelprys-bekroondes Nelson Mandela en V.S. Naipaul. Hy teken ook portrette van diere (soos haaie, gorillas en renosters) en blomme (veral rose).

Sy tegniek is gebaseer op waarneming, maar is deur ervaring verfyn sodat die beelde wat hy skep nie foto-realisties word nie, maar 'n besonder individuele blik op die wêreld wat veral deur die val van die lig en die verloop van tyd verfyn word.

"Ek het nog altyd van skets gehou. Die droogheid van die papier en die kryt vereis presisie. Dit verklap gou 'n mens se swakhede en foute, en laat geen plek vir slim truuks nie," sê Emsley oor sy werk op sy webblad.

Hy het sy eerste solo-uitstalling in 1993 in die Sasol Kunsmuseum aangebied. Die huidige retrospektiewe tentoonstelling van sy werk bied 'n oorsig oor vyf spesifieke periodes in die ontwikkeling van sy kunstenaarsloopbaan.

- *Botha bied op Woensdag 11 April om 13:00 'n rondleiding in die Kunsmuseum aan teen R30 per person. Skakel 021 808 3695.*


Night Sky *deur Paul Emsley.*



## Etenstyd

Hierdie maand is *Blue Orange*, geleë in die historiese Dorpstraat, op die spyskaart.

Dié gewilde koffiewinkel met sy eie parkeerplek bied 'n wye verskeidenheid ligte maaltye. Gaan probeer beslis "Kitty se *famous* hoender-en-sampioenpastei", of die heerlike toebroodjies, slaaie en soetgoed, soos sjokolade of gebakte kaaskoek en suurlemoen-meringuetert. Dis gewaarborg om jou mond te laat water.

Die koffiewinkel het drie sit-areas: op die stoep of in die voortuin waar jy die gewoel in Dorpstraat kan gadeslaan; binne waar jy beskut is teen die winterkoue; of agter in die tuin onder die bome, vir dié wat meer privaatheid wil hê.

Voor jy egter jou middagete-rekening betaal, snuffel gerus rond tussen die rakke waar daar enigiets van wyn, konfyt, speserye, soutterte, lasagnes (net reg vir aandete!), varsgebak en selfs geskenke te koop is.

**Adres: 77 Dorpstraat, Stellenbosch**
**Tel: 021 887 2052**

*Foto: JUSTIN ALBERTS*



*Wondering what to do during lunch time? This month, Kampusnuus visits the Blue Orange restaurant in Dorp Street for lunch, and we also spend some time in the tranquil Botanical Garden in the centre of town. Earlier this year, Prof Mohammad Karaan, Dean of ArgiSciences, and three colleagues published a book telling the stories of South Africa's emerging farmers that is worth a read.*





## Span uit

As die stresvlakke toeneem, is dit tyd om halt te roep en jou kop skoon te kry. En waar beter as in 'n rustige omgewing waar jy heeltemal van die warboel rondom jou kan ontsnap.

Met die duisende studente op Stellenbosch wat gedurig tussen klasse rondbeweeg, raak dit dikwels nodig om 'n stil plekkie te vind waar jy kalmte kan ervaar. Só 'n plek is die US Botaniese Tuin in die middel van Stellenbosch.

Al is die tuin in werklikheid in die kern van die dorp, is dit sekerlik ook die rustigste plek op die dorp waar die geruis van kletsende studente en motors byna heeltemal afgesny is.

Die tuin is reeds in 1923 gestig en het altyd 'n band met die Universiteit gehad. Die Universiteit het die terrein in 1922 beskikbaar gestel vir die oprig van 'n botaniese tuin, en in 1925 het dr Hans Herre die eerste kurator geword.

Volgens die tuin se webblad "word dit allerweë as 'n opelug-laboratorium beskou" – 'n juiste beskrywing, want daar is beide inheemse en uitheemse plante waarop studente en wetenskaplikes navorsing kan doen.

Die tuin is relatief klein en beslaan slegs 1,8 hektaar, maar daar is uiteenlopende plantspesies, veral dwergplant. In die tuin kry jy ook die geskenkwinkel BioBou Sentrum, wat organiese produkte verkoop, asook die Katjiepiering-restaurant, 'n gewilde eetplek vir toeriste én inwoners wat 'n rustige middagete wil geniet.

As jy dus wil uitspan en net wegkom van die gedruis op kampus, stap na die US Botaniese Tuine en maak jou tuis op een van die banke daar, gaan dwaal in die geskenkwinkel of geniet middagete. Die plante en kalm atmosfeer kan net goed wees vir jou.

Die tuin is heel week oop van 08:00 tot 17:00, en toegang is gratis.

*Links: Die US Botaniese Tuine bied 'n rustige atmosfeer waar jy kan uitspan.*

*Foto's: JUSTIN ALBERTS*

## Read


Over the past few years a lot of contentious issues surrounding emerging (black) farmers have been discussed in Parliament as well as almost every South African household. It also relates closely to other issues, like land restitution.

Last year, the book *Case Studies of Emerging Farmers and Agribusinesses in South Africa* (SUN Press) was released, with Prof Mohammad Karaan, Dean of Stellenbosch University's Faculty of AgriSciences, as one of the four editors. The other editors are Dr Edward Mabaya and Dr Krisztina Tihanyi, both visiting researchers and lecturers at SU in 2010/2011, as well as Prof Johan van Rooyen, Director of The Standard Bank Centre for Agri-Leadership & Mentorship Development and lecturer in Agricultural Economics at SU.

The book presents fifteen case studies that show emerging farmers are not a homogenous group but that significant differences exist among them.

The authors say the book has three main objectives: "firstly, to capture the human stories behind the emerging farms and agribusinesses in South Africa in order to showcase their rich diversity, historical backgrounds, current context, and future directions; secondly, to highlight the best practices, opportunities, and challenges facing South Africa's emerging farmers and agribusinesses; and thirdly, to create a new set of instructional materials for academics and development practitioners, or as a point of reference for other entrepreneurs, members of government, and other practitioners engaged in agriculture and agribusiness."

In a review in *Landbouweekblad*, it is said that the book is written in a reader-friendly style, and the writers "made an effort to capture the personality of the farmers". For more information visit www.sun-e-shop.co.za.





# Dapper stapper

*Om gesond te bly moet jy oefeninge doen. Maar as ure se strawwe oefening in die gimnasium nie werklik jou ding is nie, is stap dalk net die regte manier om fiks te bly.*

Ons dokters maan gedurig om tog reg te eet en oefeninge te doen sodat ons gesond kan bly. Maar ons doen dit nie altyd nie – ons swig voor die versoeking van vetterige slaptjips en maak verskonings om nie by die gimnasium uit te kom nie.

Om te oefen en gesond te leef hoef egter nie so 'n uitputtende taak te wees nie. Jy kan goeie oefening elke dag kry deur net te stap.

"Stap is een van die maklikste en goedkoopste maniere om fiks te bly. Dit is ook 'n veelsydige oefening wat binnenshuis of in die buitelug gedoen kan word," sê me Maureen Kennedy, Bestuurder: Werknemer Welwees.

Kenners is dit eens dat stap goeie oefening is, en sommige meen selfs dit is beter as byvoorbeeld draf, aangesien die impak op jou ligamente minder is.

Ons almal kan 'n uur of wat elke dag afknyp om net te gaan stap – nie net kry jy oefening nie, maar dit maak sommer ook jou kop skoon ná 'n lang dag se werk. Boonop hoef jy nie ver te reis nie; jy kan sommer in jou woonbuurt stap.

## Op julle merke ...

Werknemer Welwees hou in April sy tweede Welwees Pretdraf/stap. Die eerste pretloop is in Mei verlede jaar gehou en was só suksesvol dat Welwees besluit het om dit vanjaar weer aan te bied. Dit was juis verlede jaar se pretloop wat daartoe gelei het dat Welwees in Oktober hul nou gewilde stapprogram by Coetzenburg begin het.

Personeellede kan solank hul draf- en stapskoene gereed kry vir die Welwees Pretdraf/stap op Donderdag 19 April. Die stappers en drawwers spring om 15:00 weg voor die Konservatorium.

Afdelings, fakulteite en departemente word aangemoedig om in spanne in kleurvolle drag deel te neem.

Inskrywingsvorms is aanlyn by *http://wellnessaf.getgiddyup.com* beskikbaar of by Menslike Hulpbronne se kantore in Admin C. Die sluitingsdatum vir inskrywings is Vrydag 13 April.

Vir navrae kontak Maureen Kennedy by *maureenk@sun.ac.za* of Michelle Jooste by 021 808 2755.

## Wenke

Maureen Kennedy gee 'n paar wenke vir stappers:

- Gaan loer eers by jou dokter in om seker te maak jy het nie enige mediese toestande wat jou verhoed om 'n stapprogram te kan volg nie.
- Belê in goeie stapskoene; dit sal waarskynlik jou enigste uitgawe wees.
- Warm eers op deur vir omtrent vyf minute stadig te stap, voordat jy jou spoed vermeerder.
- Let op jou asemhaling en hartklop – jy behoort steeds 'n gesprek te kan voer terwyl jy stap.
- Goeie postuur is belangrik: swaai jou arms, hou jou kop op, jou rug reguit en jou maag plat. Stap met jou voet reguit vorentoe gerig, en neem lang treë, maar moenie jouself ooreis nie.
- Neem 'n bottel water saam en neem gereeld 'n sluk, veral in warm weer.
- Dra 'n hoed met 'n rand en smeer sonbrandroom aan as die son steek.







# *Exploring* the oceans

*The enquiring minds of children sparked the idea for her to write a children's book, says Dr Sophie von der Heyden, a marine biologist and senior lecturer at Stellenbosch University. ENGELA DUVENAGE spoke to her about her upcoming marine life field guide for youngsters.*



Photo: ANTON JORDAAN

For Dr Sophie von der Heyden, a marine biologist and geneticist in the Department of Botany and Zoology, writing for children has been "a real eye-opener and huge fun".

This senior lecturer and mother of two youngsters is busy adding the final touches to a field guide for children on South Africa's marine life which will hopefully be in bookstores by the end of the year.

"We haven't actually yet finalised the title of the book, and I'm guessing it will come last in the process," laughs Von der Heyden, who hails from Germany and received her doctorate in zoology and genetics from Oxford University in England.

Last year, she was one of eight budding or established authors to receive a grant from the Academic and Non-fiction Authors Association of South Africa (ANFASA). Through its Grant Scheme for Authors (AGSA), ANFASA aims to support interesting academic and non-fiction projects.

The grant has covered her travelling costs, and has taken her from Namibia to the southern Mozambican coast to especially compile the holiday guide section of the book.

The idea for the book was sparked when Von der Heyden was exploring rock pools at Margate with her two young children a few years ago.

"Nearby, a father was being stumped time and time again by the questions his sons were asking about the things they were finding in the pools," she remembers. "Kids love the sea, so I started to think about the value of an informative and fun guide that was age appropriate."

She saw a gap in the field guide market for school learners, but has tried to create something which will benefit people of all ages.

Her project proposal for a new book was enthusiastically received by an editor at Random House Struik Publishers, and the writing process started in earnest in 2010.

Von der Heyden is glad to be working with the respected marine photographer Guido Zsilavecz from Southern Underwater Research Group (SURG), who is contributing most of the photographs needed to make the species and identification part of the book come to life. Illustrations by Sally McLarty, an experienced illustrator of children's and nature books, will also be used throughout the full-colour book.

In drafting the text, Von der Heyden was constantly challenged to describe the scientific aspects of the marine environment in an understandable way that does not sacrifice too much detail or scientific integrity.

"I hope the book will inspire future generations to become biologists, oceanographers and conservationists working together to preserve our amazing oceans," says this enthusiastic lecturer, who has been associated with SU since 2005.

## ADVERTENSIES

### TE KOOP GEVRA / WANTED FOR SALE

I would like to buy a road bike (size large). Please contact me if you have one in good condition for sale at a good price. Contact Ashraf on 083 443 3002.

### ACCOMMODATION WANTED / VERBLYF GESOEK

*Looking for accommodation in Stellenbosch:* Visiting Professor(and wife) to visit from September 2012. Six months lease with possible six months extension. Phone Chantal at 076 044 5677.

### VERBLYF / ACCOMMODATION

*Stellenbosch:* Two-bedroom flat for rent in Klein-Welgevonden. 5km from campus. Spacious with safe parking bay. R4 900pm. Phone: 083 389 3515.

*Verblyf Stellenbosch:* Selfsorg-akkommodasie in Jonkershoekweg. Maks. 3 persone, R130pp per dag. Heerlik, gesellig, privaat. www.121jonkershoekroad.co.za. Kontak 021 883 3104, rdk@sun.ac.za.

*Accommodation:* 01 April to 30 June 2012. Fully furnished one-bedroom flat. R5 000pm. Please call 082 448 1231.

### SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS

*Southern Suburbs to Stellenbosch:* Lift urgently needed. Working hours fairly flexible. Will contribute to petrol costs. Contact LR2@sun.ac.za or sms LIFT and your details to 076 977 7740.

*Somerset-Wes na Stellenbosch:* My werksure is 08:00 tot 16:30 (daagliks). Sal bydrae tot petrolkostes. Kontak asb oliviaa@sun.ac.za of Sel: 078 202 8199.

*Noordelike voorstede (Vredekloof of Stellenberg-omgewing) na Stellenbosch:* Saamryklub soek een persoon om saam te ry vanaf bogenoemde areas na Stellenbosch-kampus. Werksure 08:00 tot 16:30. Eie vervoer noodsaaklik. Kontak mhanekom@sun.ac.za of 021 808 2601.

*Strand to Stellenbosch:* Two Working ladies at Campus seeking lift club. Working hours 08:00 to 16:30. Will contribute! Contact 079 509 3502 or mail to: rosman@sun.ac.za.

*Kuilsrivier na Stellenbosch:* Soek een persoon met eie vervoer. Werksure 08:00 tot 16:30. Kontak Susan Blanche by seb@sun.ac.za



The fifth First Year Academy Prestige Dinner was co-hosted by the Centre for Teaching and Learning and the Academic Affairs Council. The event, held on 8 March 2012 at Neethlingshof, awarded 32 first-years, including two EDP students, from the 2011 cohort and their nominated lecturers. This year the essence of the event was global citizenship and graduate attributes. Students and lecturers exchanged letters and certificates in the presence of faculty deans and other invited guests.



Prof Toit Mouton (links) van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese het op 6 Maart sy intreerede getiteld "Pulswydte Modulasie: Die Hart van Drywingselektroniese Omsetters" gelewer. Drywingselektronika behels die omskakel van een vorm van elektriese energie na 'n ander deur middel van transistors om die vermorsing van energie in hierdie omskakeling te verminder. Hier is Mouton saam met prof Arnold Schoonwinkel, Dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese.

*Foto: SONIKA LAMPRECHT*



Prof Johan Burger (middel) van die Departement Genetika het op 19 Maart sy intreerede in die JH Neethling-gebou gelewer. Sy onderwerp was "The Virus Diseases of Grapevine – an intriguing struggle between good and bad". Hy het gefokus op virusse wat wingerdsiektes veroorsaak, die kwaliteit van wyn verlaag en selfs wingerde vernietig. Hier is hy saam met prof Louise Warnich, Vise-dekaan van die Fakulteit AgriWetenskappe, en prof Russel Botman, US Rektor.

*Foto: WAYNE MULLER*



Die Bellvillepark-kampus is die eerste US afdeling wat ten volle voldoen aan alle wetlike beroepsgesondheid- en -veiligheidsvereistes. Hul veiligheidsaanstellings en -opleiding, ontruimingsoefeninge en verslae, asook maandelikse veiligheidsverslae en noodplan is gedoen en gelaai op Sharepoint. Die eerste ontruimingsoefening was op 6 Februarie 2012. Die USB-gebou is binne drie en 'n half minute ontruim. In die foto poseer die trotse veiligheidspan.